


Die kraai wat gejok het

'n Volksverhaal uit Saoedi-Arabië

Waarom is kraai so gitswart? En duif en patrys so mooi versier? In hierdie pragtige fabel oor die lot van 'n groep mense in die nood in die woestyn, leer ons van die oorsprong van hierdie voëls se kleure en gedrag.



Baie jare gelede was al die voëls se vere nog vaal. Dit was glad nie so maklik om hulle uitmekaar te ken nie.

In Saoedi-Arabië het dit eenkeer baie droog geword, selfs droër as gewoonlik. Die mense van 'n Bedoeïen-stam het dag na dag gesien hoe hul skape en kamele maerder en maerder word. Hulle het elke dag die lug hoopvol dopgehou, maar keer op keer moes hulle hul koppe moedeloos

skud. Die stofstorms het op die horison baljaar, maar daar was geen teken van 'n wolkie nie.

Een oggend roep die leier van die stam sy mense bymekaar. "Ons laaste waterput het amper opgedroog. Ons het geen keuse nie, ons moet trek. Iewers moet 'n plek wees met genoeg kos en water vir ons en ons diere."

Daardie selfde dag nog pak die vroue en kinders al hul klere, kookpotte en ander besittings in en slaan hul tente af. Die mans jaag die diere bymekaar.

So begin hul lang swerftog deur die droë woestyn.

Die probleem was dat die mense glad nie geweet het waarheen om te trek nie. So ver as wat die oog kon sien, was alles vaal en dor. Waar sou water en vrugbare grond wees?

Selfs die leier van die stam was nie seker in watter rigting hulle moes stap nie. Dit het gevoel asof die son elke dag 'n bietjie warmer bak en hul kos en water al hoe minder word. Hulle was later so moeg dat dit gevoel het of hulle nie 'n tree verder kon loop nie. Die honde het in die skadu gelê en hyg.

"Dalk moet ons oos trek," stel iemand voor.

"Het jy **sonsteek** opgedoen?" vra iemand anders. "In die ooste lê net woestyn so ver as wat 'n mens kan sien. Daar's nie eens 'n teken van 'n droë bossie nie."

"Ek dink ons moet wes trek," sê iemand anders.

"Het jy sand in jou oë?" vra 'n kwaai stem. "Kan jy nie sien daar's net stofstorms in die weste nie? Dit lyk of daar jare laas 'n druppel reën daardie kant toe geval het."

"Wat van suid?" vra 'n ou omie.

Almal lag.

"Ai, Oom," sê 'n seuntjie. "Dis dan die rigting waar ons vandaan kom!" Die omie krap verleë sy kop.

Die leier van die stam sug. "Ek dink ons moet noord trek."

"Noord?" kla 'n man en tuur met sy hand bo sy oë na die noorde. "Kyk net daardie heuwels. Sê nou ons trek al die pad bo-oor daardie heuwels en daar is net droë woestyn aan die ander kant? Ons sal dit mos nooit oorleef nie."

"Ons kan iemand stuur om te gaan verken," stel die leier voor.

"Dit gaan te lank vat," brom iemand. "Selfs die jong manne is moeg en voetseer. En die kamele is stokflou. Buitendien, ons het skaars genoeg

kos en water vir 'n dag oor. Teen die tyd dat die verkenners terugkom, gaan ons lankal dood van die honger en dors wees."

Die leier sug. Hy weet nie wat om te doen nie.

Toe staan 'n ou vrou op.

"Ek het 'n plan," sê sy. Sy maak 'n groot voëlkou los wat bo-op een van haar kamele vasgemaak was. "Kom ons stuur die voëls om te gaan kyk wat anderkant die heuwels in die noorde aangaan. Dis ons enigste kans."

Uit die voëlkou bring die ou vrou 'n kraai, 'n patrys en 'n duif te voorskyn. Toe sing sy vir hulle:

*"Vlieg vinnig, my vriende,
sodat julle kan gaan kyk
hoe dit anderkant die heuwels
in die noorde lyk."*

Haar woorde was skaars koud, of die drie voëls styg in die lug op. In 'n oogwink is hulle net drie stippels in die lug.

Die mense van die stam staan angstig en wag. Alles is tjoepstil, behalwe vir 'n kind wat af en toe kerm van die honger en dors, en die honde wat hyg van die hitte.

"Kyk!" roep iemand ná 'n ruk uit en beduie opgewonde na die lug. "Hier kom 'n voël terug."

Die kraai land met 'n geklap van vlerke op die ou vrou se skouer.

"Wat het jy gesien, Kraai?" vra sy.

Die kraai antwoord met 'n krysende stem:

*"Oor die heuwels het ek gevlieg,
ver en hoog.*

*Maar die land daar in die noorde
is kaal en droog."*

Die mense sug teleurgesteld. Wat nou? Moet hulle oos trek? Of wes? Of moet hulle dalk probeer teruggaan waar hulle vandaan kom en maar hoop dit begin reën?

"Daar kom die ander twee voëls ook terug," beduie iemand.

Met 'n geklap van vlerke swiep die duif en die patrys op die ou vrou se skouers neer.

"En wat het julle gesien?" vra sy. "Is die land anderkant die heuwels so kaal en droog soos Kraai sê?"

Gelyk sê Duif en Patrys:

"Anderkant die heuwels

*is volop kos vir mens en dier;
die palmbome groei dig
langs 'n **kabbelende rivier**."*

Die mense kyk verbaas na mekaar.

"Wel, dis twee teen een," besluit die leier van die stam. "Ek dink ons moet noord trek."

Met 'n gesug en 'n gebrom slaan die mense weer hul tente af. Sukkel-sukkel begin hulle oor die steil heuwels trek. Omdat die kos en water so min is, besluit hulle om dwarsdeur die nag te trek. Uiteindelik begin die son die heuwels verkleur.

"Mamma, kyk!" roep 'n seuntjie. "Kyk daar voor!"

Almal kyk op. Onder hulle, in die eerste lig van die son, is 'n groen vallei uitgestrek. 'n Rivier vleg soos 'n blink lint tussen digte bome deur.

"Die duif en die patrys was reg!" juig die mense. "Ons is gered!"

Die honde blaf opgewonde en hardloop vooruit.

Daardie aand vier die mense fees in hul nuwe tuiste.

Die duif en die patrys kry heerlike kos om te eet. Die ou vrou verf die duif se pote 'n pragtige helderpienk om dankie te sê vir sy hulp. En vir die patrys verf sy mooi swart kringetjies om die oë.

Van daardie dag af was duiwe en patryse glad nie meer vaal nie, en hulle bly tot vandag toe nog saam met mense.

En die kraai?

Die mense was baie kwaad omdat die kraai vir hulle gejok het. Hulle het sy vere gitswart geverf.

Daarna het die ou vrou die hok oopgemaak. "Skoert! As jy dit ooit weer hier naby waag, trek ek al jou stertvere uit!"

En dit is waarom kraaie vandag nog **sku** is vir mense.

Woordverklarings

kabbelende rivier – rivier met klein golfies

sku – bang vir mense; bly weg van mense

sonsteek – siekte as gevolg van te veel
blootstelling aan die strale van die son